19. Kerkregtelik

19.1 RAPPORT DEPUTATE VIR DIE TOEPASSING VAN KO, ART 66 (Art 25)

A. Dr AH Grovè stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word staande Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 2003:454, art 20.1, 1.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

Die Deputate vir die toepassing van KO, art 66 is die afgelope drie jaar nie opgeroep nie en het dus niks om aan die Sinode te rapporteer nie. As gevolg daarvan het die Deputate nie vergader en gekonstitueer nie.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

Dat die Sinode weer twee Deputate met sekundi aanwys.

Besluit: Goedgekeur.

19.2 RAPPORT DEPUTATE ARTIKEL 48 KERKORDE (Artt 275, 290)

A. Ds SD Snyman stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Kerksake: Histories en Kerkregtelik.
C. Dr JH Howell rapporteer namens die Kommissie Kerksake: Histories en Kerkregtelik.

D. RAPPORT

1. Opdragte

1.1 Acta 2003:728, 3.2–3.3.
1.2 Acta 2003:473.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 Die saak van eenheid en teologiese opleiding van studente uit al die Sinodes (Acta 2003:728, 3.1) is op versoek van die Kuratorium ook deur hierdie Deputate hanteer.
2.2 Die eerste vergadering van die Deputate van Sinodes Middellande, Potchefstroom en Soutpansberg is ook deur twee afgevaardigdes van die CGK (Ndl) bygewoon, naamlik, di H Last en G Drayer.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 *Agtergrond*

2.3.1. Inleidend

Die opdrag aan die deputate (Acta 2003:728, 3.2.-3.3.) verwys ook na die opdragte wat reeds tydens vorige Sinodes aan hierdie Deputate gegee is. Ter wille van helderheid, word ‘n kort oorsig gegee van die verloop van die opdragte wat sedert 1991 aan die Deputate gegee is.

2.3.2 Samevattend

Die beginsel ter sprake is die eenheid van die liggaam van Christus. Hierdie eenheid moet ook konkreet en sigbaar uitgelewe word waar kerke mekaar in die kerkregering bystaan (vergelyk Acta 1997:864, 2.1.2). Die eenheid wat tussen gelowiges bestaan, hef egter nie die Godgegewe verskeidenheid van taal en kultuur op nie. Daarom besluit GKSA Sinode 1997 (Acta 1997:870, 4.2.1) dat kerke mekaar sowel binne as buite taal- en kultuurverband in kerkregering kan bystaan.

Tot dusver het die kerke binne die GKSA nog nie genoegsaam aandag gegee aan die bystand deur kerke in kerkregering buite taal- en kultuurverband nie. Die kerke binne die GKSA skenk reeds ongeveer 35 jaar lank aan hierdie saak aandag, sonder dat dit werklik tot in sy volle konsekwensies deurgevoer is. Gevolglik het daar algaande ‘n dringendheid ontstaan dat hierdie aangeleentheid daadwerklik en op ‘n ordelike wyse aangespreek en tot uitvoer gebring behoort te word.

Die Deputate GKSA het in die uitvoer van hul mandaat (Acta 2003:473) die geografiese indelingswyse van meerdere vergaderings uitgewerk. Op grond hiervan kan kerke op organiese wyse, waar die behoefte bestaan of waar daar sake op die tafel kom wat die geografies nabygeleë kerke gesamentlik raak,

byeenkom, aangesien sake (van gedeelde belange) die agenda van 'n meerdere vergadering bepaal.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

Die dokument wat hieronder volg, is 'n samevatting van die uitkomste van die gesprekke tussen die Deputate van Sinodes Middellande, Potchefstroom en Soutpansberg die afgelope drie jaar.

DECISIONS OF THE CO 48 DEPUTIES OF SYNODS MIDLANDS, POTCHEFSTROOM AND SOUTPANSBERG

at meetings held on 7-10-2003, 9-9-2004 and 9-6-2005

1. There is complete agreement that the present system of major assemblies should be restructured.

Besluit: Kennis geneem.

2. Classes and Synods

2.1 That Regional Classes and Regional Synods and a General Synod be instituted.

2.2 That Classes be composed of more churches, so that there will be enough spiritual gifts to effectively handle the Agendas.

2.3 That as a general rule not less than 15 churches will constitute a Classis. There are about 410 churches, which have to be grouped in Classes. Attention must be given to practical issues like distance and costs, as well as to the presence of the necessary gifts.

2.4 That a Committee be appointed, which provide the next National Synods of a provisional proposal about the grouping of the proposed new major assemblies and about the way that Classes should delegate Deputies for Regional Synods and Regional Synods for the General Synod. This Committee may consult existing Classes on the matter of the grouping, and may co-opt members if necessary. The Committee members are the following: Reverends MS Nefefe and MS Muhali from Soutpansberg, HH Sehoole, SZ Phungula and MA Modise from Midlands, and Prof JM Vorster and Rev SD Snyman from Potchefstroom.

Besluit: Goedgekeur.

3. Agendas of Regional Classes and Synods

3.1 That Agendas of Classes, Regional Synods and the General Synod be composed according to the Church Order.

3.2 That the Deputies for Legal Advice of Synod Potchefstroom will be asked to give advice on the following matter:

- how issues on the Agendas of Classes, Particular Synods and National Synods, which gather according to existing arrangements, and which cannot immediately be carried over to the new Regional Classes and Regional Synods and General Synod, should be concluded orderly by these assemblies.

Besluit: Goedgekeur.

4. The following possible problem-areas were foreseen in the proposed new system

These problem areas are listed, and the commentary and recommendations which were agreed upon, follow immediately after each listing:

4.1 The situation of churches which have unresolved problems within the existing arrangements, i.a. Orania, and the churches that form Classis Capricorn.

Recommendations and commentary

4.1.1 The Deputies of Potchefstroom have evidence that the problem concerning Orania has been resolved.

4.1.2 Classis Capricorn

4.1.2.1 That the Deputies of Potchefstroom will acquire the exact decision of the Particular Synod Bosveld November 2003 about the acceptance of Classis Capricorn as one of the Classes, which constitutes Part Synod Bosveld. If working towards reconciliation was part of the decision, the Potchefstroom Deputies will inform the Part Synod that there is urgency in the matter, since the whole situation is viewed as a stumbling block by Synod Soutpansberg in the negotiations for a new system of major assemblies.

4.1.2.2 That the Potchefstroom Deputies will report on this matter to Synod Potchefstroom of 2006.

4.1.2.3 The Deputies from Soutpansberg regard the decision by Bosveld to be against the Church Order. These Deputies are advised to recommend to their Synod to table a petition of protest against the decision of Part Synod Bosveld.

4.1.2.4 The Deputies of Midlands and of Potchefstroom do not view the solution of the problem concerning Classis Capricorn as a pre-condition in the process of implementing the proposed new system. However, for the Deputies of Synod Soutpansberg the resolving of this problem is a pre-condition.

Besluit: Kennis geneem.

4.2 *Language*

Recommendation

4.2.1 That every new Classis and the new Synod should take its own steps with regard to its language medium, within the framework of the official languages of the country.

Besluit: Goedgekeur met die volgende byvoeging: Elke vergadering moet verseker dat taalverskille nie lei tot gebrekkige kommunikasie nie. Elke afgevaardigde moet kan deelneem aan gesprekvoering en besluitneming van sake op die Agenda.

4.3 Possible contradictory/differing decisions of the present National Synods and other assemblies, and the necessity or not to come to an agreement on these before new assemblies meet, for instance decisions about women in office.

Recommendations and commentary

4.3.1 That the new assemblies (Regional Classes, Regional Synods and the General Synod) will appoint Deputies to establish whether there are contradictory/ conflicting decisions. These Deputies must advise that assembly how best to rectify those decisions in a church orderly way.

Besluit: Goedgekeur.

4.3.2 That decisions that were taken by the different assemblies, stay binding on the churches involved, unless the new assemblies have taken new decisions on these matters.

Besluit: Goedgekeur.

4.3.3 All agree to the advice in 4.3.1 and 4.3.2 as far as general matters are concerned, but the Deputies of Synod Soutpansberg have reservations about being part of the proposed new system before certain conflicting decisions (for instance those about women in office) have been resolved.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.4 That requests by persons or assemblies to review certain decisions taken previously by assemblies other than their own should be handled with special circumspection and sensitivity.

4.4 *Differences in theological training*

Commentary

4.4.1 The content of the Report of the sub-committee (proff TC Rabali & JJ J Van Rensburg) (Appendix 1) is noted.

4.4.2 The Deputies for Synods Midlands and Potchefstroom are of the conviction that any real or perceived problems in this regard should be referred to the proposed new General Synod. For the Deputies of Synod Soutpansberg the resolving of their problems in this regard are a pre-condition for their partaking in the proposed new system.

Besluit: Kennis geneem.

4.5 *Own institutions and property*

Recommendations

4.5.1 That – with regard to all properties and funds registered in the names of local churches, or of the Administrative Bureau, or of the existing three National Synods, or of any other ecclesiastical-connected grouping – the Deputies for Legal Advice are asked to advise those concerned on the best way to handle these matters.

4.5.2 That projects of existing Classes or Particular Synods or National Synods, which are running countrywide, be put on the Agenda of the General Synod, which will decide on how to continue the work.

Besluit: Goedgekeur.

4.6 *The "Administratiewe Buro"*

Recommendation

4.6.1 That the Administrative Bureau becomes the Bureau for all the churches.

Besluit: Goedgekeur met wysigings en met die volgende byvoeging: Die Bestuur van die Administratiewe Buro moet alle praktiese en finansiële implikasies ondersoek in oorleg met die Deputate van die betrokke Sinodes ten einde hierdie saak te kan implementeer. (Wysigings hierbo aangebring.)

4.7 *The influence of prejudice and distrust in future relationships*

Recommendation

4.7.1 Those assemblies where prejudice and distrust are encountered should handle it in a Biblical way according to the means and methods specified in the Church Order. Classes can also, for instance, create opportunities for members of different churches to get to know each other better.

Besluit: Goedgekeur.

4.8 *The way in which the mission-vision of Synod Soutpansberg is to be handled*

Recommendations and commentary:

4.8.1 That the content of the document "The vision of mission of Synod Soutpansberg" (Appendix 2) is noted.

4.8.2 That issues mentioned in this document are recognized as real and/or perceived problems that should get serious and urgent attention.

4.8.3 That these issues should be handled in a church orderly way by the proposed new assemblies.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbevelings

3.1 Dat die Sinode die standpunte en kommentaar wat volgens hierdie stuk op die rekening van hierdie Deputate staan, goedkeur.

Besluit: Goedgekeur. Kyk 1 tot 4.8.3 hierbo.

3.2 Dat die Sinode die implementering van die voorgestelde nuwe stelsel met die ander Sinodes goedkeur.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 Dat die Sinode weer Deputate aanwys om die hele saak verder te voer.

Besluit: Goedgekeur.

4. Opdragte aan te benoeme Deputate

4.1 Om die gesprek oor uitstaande kwessies en oor die implementering van die voorgestelde nuwe stelsel met afgevaardigdes van Sinodes Middellande en Soutpansberg voort te sit.

Besluit: Goedgekeur.

4.2 Om voort te gaan met die implementering van die nuwe stelsel – indien nodig trapsgewys – soos wat ooreenstemming met die ander Sinodes bereik word.

Besluit: Goedgekeur.

4.3 Om aandag aan al die sake (kerkregtelik, administratief, organisatories, finansieel, wetlik, taalaspekte, ens) te gee wat vir die ordelike implementering van die nuwe stelsel nodig is.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig. (Wysigings hierbo aangebring.)

4.4 Om waar nodig, ander Deputategroepe en kundiges te betrek met die oog op die uitvoering van bogenoemde opdragte.

Besluit: Goedgekeur.

4.5 Om dokumentasie van vergaderings met ander Sinodes ook in Afrikaans aan toekomstige Sinodes van die GKSA beskikbaar te stel.

Besluit: Goedgekeur.

E. AANVULLENDE RAPPORT

Hierdie Rapport dui in geheel die praktiese wyse aan waarop die Deputate meen dat kerke mekaar buite taal- en kultuurverband (volgens geografiese indeling) in kerkregering kan bystaan.

Besluit: Kennis geneem.

1. Opdragte

1.1 Die opdrag waaroor hier gerapporteer word, is vervat in die Rapport Deputate Artikel 48 Kerkorde, 2.4.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 Die Kommissie het op 3 November 2005 vergader, en die twee lede wat die Deputate van die GKSA verteenwoordig, naamlik prof JM Vorster en ds SD Snyman dien hierdie Rapport in.

2.2 Die kerke van Sinode Soutpansberg is in hierdie Rapport buite rekening gelaat, aangesien daar eers verder met hulle gesprek gevoer sal moet word voordat hulle inskakel by die nuwe sisteem.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 The following list of proposed new Regional Classes will be instituted.

Classis 1 Cape (west)		Classis 2 Cape (East)	
1.	Clanwilliam	1.	Burgersdorp
2.	Kaapstad	2.	Aliwal Noord
3.	Worcester	3.	Dordrecht
4.	Bellville	4.	Barkly Oos
5.	Grassy Park CC	5.	Molteno
6.	Oudtshoorn	6.	Zastron
7.	Paarl	7.	Oos Londen
8.	George	8.	Maclear-Elliot
9.	Stellenbosch	9.	Queenstown
10.	Bellville-Oos	10.	Monti
11.	Elsiesrivier	11.	Addo
12.	Vredenburg/Saldanha	12.	Bhayi
13.	Strand	13.	Mdantsane
14.	Mosselbaai	14.	Port Elizabeth
15.	Hermanus	15.	Uitenhage
16.	Stilbaai	16.	Jeffreysbaai
17.	Crossroads	17.	Venterstad
18.	De Aar	18.	Steynsburg
19.	Philipstown	19.	Nozizwe
		20.	Lyciumville
		21.	Middelburg (Kaap) CC
		22.	Colesberg
		23.	Westdene
		24.	Renosterberg
		25.	Strydenburg
		26.	Cradock/Somerset-Oos

Classis 3 (Mpumalanga)		Classis 4 (East Rand)	
1.	Lydenburg	1.	Brakpan
2.	Middelburg (Tvl)	2.	Benoni
3.	Bronkhorstspruit	3.	Springs
4.	Stoffberg	4.	Boksburg
5.	Belfast	5.	Delmas
6.	Carolina	6.	Kemptonpark
7.	Witbank	7.	Nigel
8.	Groblersdal	8.	Noord-Oosrand
9.	Barberton	9.	Kemptonpark-Noord
10.	Nelspruit CC	10.	Springs-Oos
11.	Waterval Boven	11.	Benoni-Noord CC
12.	Wondersig	12.	Brakpan-Suid
13.	Komatipoort	13.	Kwa-Thema

14.	Witrivier	14.	Daveyton
15.	Hendrina	15.	Tembisa
16.	Middelburg-Noord	16.	Tsakane
17.	Witbank-Suidoos	17.	Tembisa-Wes
18.	Kanyamazane	18.	Boksburg-Suid
19.	Ackerville	19.	Kemptonpark-Mooifontein
20.	Bankfontein		
21.	Kwa Ndebele		
22.	Piet Retief		
23.	Pongola		
24.	Volksrust		

Classis 5 (Free State East)		**Classis 6 (Free State South)**	
1.	Ladybrand	1.	Reddersburg
2.	Tweespruit	2.	Bethulie
3.	Frankfort	3.	Boshof
4.	Lindley	4.	Philippolis
5.	Ficksburg	5.	Petrusburg
6.	Betlehem	6.	Bloemfontein
7.	Harrismith	7.	Vleuels
8.	Reitz	8.	Bloemfontein-Oos
9.	Heilbron	9.	Bloemfontein-Suid CC
10.	Steynsrus	10.	Bloemfontein-Noord
11.	Thaba 'Nchu	11.	Bloemfontein-Suidheuwels
12.	Phuthaditjhaba	12.	Brandfort
13.	Thabana Khubetsoana	13.	Bloempark
14.	Bethel	14.	Jacobsdal
15.	Botshabelo	15.	Heidedal
16.	Ventersburg	16.	Rusfontein
17.	Kroonstad	17.	Phahameng
18.	Odendaalsrus	18.	Emmanuel
19.	Viljoenskroon	19.	Bultfontein
20.	Hennenman	20.	Theunissen
21.	Welkom CC		
22.	Virginia		
23.	Bothaville		
24.	Senekal		
25.	Welkom-Noord		
26.	Thabong		
27.	Kutlwanong		
28.	Phomolong		
29.	Meloding		
30.	Kerke in Lesotho (bv Mafiteng en Mohaleshoek)		

Classis 7 (Griqualand West)		**Classis 8 (North West)**	
1.	Fauresmith	1.	Wolmaransstad
2.	Postmasburg	2.	Schweizer Reneke
3.	Delportshoop	3.	Sannieshof
4.	Kuruman	4.	Uitschot

5.	Olifantshoek	5.	Bloemhof
6.	Koffiefontein	6.	Stilfontein
7.	Kimberley CC	7.	Orkney
8.	Daniëlskuil	8.	Delareyville
9.	Upington	9.	Klerksdorp-Noord CC
10.	Kathu	10.	Klerksdorp
11.	Duineveld	11.	Matsau
12.	Metsi A Matala	12.	Migdol
13.	Tlhakala Tlou	13.	Tswaing
14.	Maruping	14.	Bontleng
15.	Moshaweng	15.	Knapdaar
16.	Vaalharts	16.	Batho-Bathostad
17.	Vryburg	17.	Setlagole
18.	Goeie Hoop	18.	Deelpan
19.	Christiana	19.	Khuma
20.	Huhudi	20.	Jouberton
21.	Orania	21.	Sannieshof (Middellande)
		22.	Madibogo

Classis 9 (Central North)		**Classis 10 (Northern)**	
1.	Waterberg	1.	Pietersburg
2.	Koedoesrand	2.	Louis Trichardt
3.	Magol	3.	Potgietersrus
4.	Warmbad	4.	Laeveld
5.	Naboomspruit	5.	Magalakwin
6.	Vaalwater	6.	Messina
7.	Marble Hall	7.	Dendron
8.	Nylstroom	8.	Phalaborwa
9.	Krokodilrivier	9.	Pietersburg-Noord
10.	Matlabas	10.	Potgietersrus-Wes CC
11.	Die Moot	11.	Pietersburg-Suid
12.	Brits	12.	Hoedspruit
13.	Drieviersboom	13.	De Hoop
14.	Elandskraal	14.	Fundudzi
15.	Thabazimbi	15.	Trans-Letaba
16.	Beestekraal	16.	Shangozi
17.	Brits-Wes	17.	Messina (Capricorn)
18.	Odi	18.	Mahwelereng
19.	Makolokwe CC	19.	Lusaka
20.	Letlhabile	20.	Chinhoyi
21.	Ysterberg	21.	Gweru
22.	Odi-Noord		
23.	Boegoepan		

Classis 11 (Pretoria Moot)		**Classis 12 (Pretoria Suidwes)**	
1.	Pretoria CC	1.	Daspoort CC
2.	Innesdal	2.	Pretoria-Wes
3.	Pretoria-Wonderboom-Suid	3.	Lyttelton

4.	Eloffsdal	4.	Elandspoort
5.	Die Kandelaar	5.	Andeon
6.	Bergsig	6.	Wierdapark
7.	Totiusdal	7.	Centurion
8.	Pretoria-Meintjeskop	8.	Rietvallei
9.	Oos-Moot	9.	Rooihuiskraal
		10.	Atteridgeville

Classis 13 (Pretoria Noord)		**Classis 14 (Oostelike Pretoria)**	
1.	Pretoria-Noord	1.	Pretoria-Brooklyn CC
2.	Wonderboompoort	2.	Derdepoort
3.	Pretoria-Annlin CC	3.	Mamelodi-Oos
4.	Refilwe	4.	Mamelodi-Wes
5.	Pretoria-Rooiwal	5.	Silverton
6.	Kameeldrift	6.	Waterkloofrand
7.	Pretoria-Magalieskruin	7.	Meyerspark
8.	Pretoria-Montanapoort	8.	Pretoria-Alkantrant
9.	Akasia	9.	Wapadrant
10.	Ga Rankuwa		
11.	Mabopane		
12.	Temba		
13.	Klipgat		
14.	Cullinan		

Classis 15 (Potchefstroom)		**Classis 16 (Rand West)**	
1.	Potchefstroom	1.	Krugersdorp
2.	Parys	2.	Wesrand
3.	Potchefstroom-Noord	3.	Carletonville
4.	Noordbrug	4.	Krugersdorp-Wes
5.	Potchefstroom-Suid	5.	Roodepoort CC
6.	Potchefstroom-Oos	6.	Noordrand
7.	Cachet	7.	Magaliesburg
8.	Buffeldoorns	8.	Ontdekkers
9.	Promosa	9.	Witpoortjie
10.	Potchefstroom-Mooirivier	10.	Krugersdorp-Oos
11.	Ikageng CC	11.	Toekomsrus
12.	Tshing	12.	Wilropark
13.	Khutsong	13.	Dobsonville
14.	Tuma-Hole	14.	Tladi
15.	Tlokwe Botshabela	15.	Kagiso
16.	Boskop	16.	Mohlakeng
17.	Kokosi	17.	Tarlton
18.	Westonaria	18.	Muldersdrift
19.	Modderfontein	19.	Jabavu
		20.	Dube

Classis 17 (Johannesburg)		Classis 18 (Rustenburg)	
1.	Johannesburg-Suid	1.	Rustenburg
2.	Diepkloof	2.	Lichtenburg
3.	Linden	3.	Zeerust
4.	Tshiawelo	4.	Koster CC
5.	Newclare	5.	Swartruggens
6.	Meadowlands	6.	Ventersdorp
7.	Riverlea-Noordgesig	7.	Mafikeng
8.	Good News Community	8.	Rustenburg-Wes
9.	Brackenhof	9.	Rustenburg-Noordoos
10.	Eglise de la bonne Nouvelle CC	10.	Thlabane
11.	Eldorado	11.	Itsoseng
12.	Midrand	12.	Lebone
13.	Randburg	13.	Boichoko
14.	Germiston	14.	Waterkloof (Middellande)
15.	Alberton	15.	Kgetleng
16.	Primrose	16.	Kraaipan
17.	Edenvale	17.	Khunwana
18.	Alberton-Wes	18.	Kopella
19.	Kathlehong	19.	Uitkyk
20.	Alexandra	20.	Ebenhaeser
21.	Bergbron	21.	Lorato
22.	Die Bybels Gereformeerde Kerk		

Classis 19 (Namibia)		Classis 20 (South East)	
1.	Outjo	1.	Bethal
2.	Gobabis	2.	Standerton
3.	Aranos	3.	Ermelo
4.	Keetmanshoop	4.	Eendracht
5.	Windhoek CC	5.	Evander
6.	Grootfontein	6.	Kriel
7.	Tsumeb	7.	Secunda
8.	Otjiwarongo	8.	Secunda-Oos
9.	Biermanskool	9.	Heidelberg (Tvl)
10.	Walvisbaai	10.	Sasolburg
11.	Mariental	11.	Meyerton
12.	Karasburg	12.	Vanderbijlpark-Suid
13.	Okahandja	13.	Vereeniging-Oos CC
14.	Windhoek-Suid	14.	Vanderbijlpark-Oos
		15.	Vaalpark
		16.	Vereeniging ‘95
		17.	Vanderbijl
		18.	Sharpeville
		19.	Boipatong
		20.	Sebokeng
		21.	Zamdela
		22.	Ratanda

Classis 21 (KZN-South)	Classis 22 (KZN-North)
1. Pietermaritzburg CC	1. Vryheid CC
2. Durban-Noord	2. Empangeni
3. Suidkus	3. Ladysmith
4. Amanzimtoti	4. Glencoe
5. Pinetown	5. Newcastle
6. Durban	6. Kwandeni
7. Umbumbulu	7. Munywana
8. Kwa Mashu	8. Isandlwana
9. Ndaleni	9. Ndindindi
10. Mid-Illovo	
11. Kwa-Mncane	
12. Estcourt	

3.1 The churches marked by CC will be the Calling Churches for the first meeting of the new Classes. They will also be responsible for the compilation of the Agenda for the first meeting of the Classis.

Besluit: Kennis geneem.

3.2 The following list of proposed new Regional Synods will be instituted.

3.2.1 Regional Synod 1 (Pretoria) consisting of Classes 11, 12, 13 and 14.

3.2.2 Regional Synod 2 (Bosveld) consisting of Classes 9, 10 and 18.

3.2.3 Regional Synod 3 (Noordwes) consisting of Classes 7, 8, 15 and 19.

3.2.4 Regional Synod 4 (Oostelike) consisting of Classes 3 and 4.

3.2.5 Regional Synod 5 (Vrystaat) consisting of Classes 5 and 6.

3.2.6 Regional Synod 6 (Kwazulu-Natal) consisting of Classes 21 and 22.

3.2.7 Regional Synod 7 (Suidelike) consisting of Classes 1 and 2.

3.2.8 Regional Synod 8 (Randvaal) consisting of Classes 16, 17 and 20.

Besluit: Kennis geneem.

3.3 The following churches will serve as Calling Churches for the first meeting of the new Regional Synods and will be responsible for the agendas of these meetings:

3.3.1 Regional Synod 1 (Pretoria)	Wapadrant
3.3.2 Regional Synod 2 (Bosveld)	Pietersburg-Suid
3.3.3 Regional Synod 3 (Noordwes)	Noordbrug
3.3.4 Regional Synod 4 (Oostelike)	Springs-Oos
3.3.5 Regional Synod 5 (Vrystaat)	Betlehem
3.3.6 Regional Synod 6 (Kwazulu-Natal)	Amanzimtoti
3.3.7 Regional Synod 7 (Suidelike)	Port Elizabeth
3.3.8 Regional Synod 8 (Randvaal)	Randburg

Besluit: Kennis geneem.

3.4 Regional Synods, Classes and local churches may ask the relevant major assemblies to change this grouping.

Besluit: Goedgekeur.

3.5 The major assemblies will be called Classes, Regional Synods (Streeksinodes) and General Synods (Algemene Sinodes).

Besluit: Goedgekeur.

3.6 Each particular Classis and Regional Synod will decide on its own what name it will use for itself.

Besluit: Goedgekeur.

3.7 The full name of the General Synods will be: General Synod of the Reformed

Churches in South Africa / Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Besluit: Goedgekeur.

3.8 The Regional Synods will delegate the following number of persons to General Synods:

3.8.1	Regional Synod 1 (Pretoria)	40
3.8.2	Regional Synod 2 (Bosveld)	30
3.8.3	Regional Synod 3 (Noordwes)	40
3.8.4	Regional Synod 4 (Oostelike)	20
3.8.5	Regional Synod 5 (Vrystaat)	20
3.8.6	Regional Synod 6 (Kwazulu-Natal)	20
3.8.7	Regional Synod 7 (Suidelike)	20
3.8.8	Regional Synod 8 (Randvaal)	30

These numbers were arrived at by multiplying the number of Classes, of which each Regional Synod is composed, by ten. The idea is that this number stay fixed, even though Regional Synods may restructure (increase or decrease) the number of Classes in their region. Only a decision by a General Synod may change the delegation of the Regional Synods.

Besluit: Kennis geneem.

3.8.9 Die genoemde vergadering (kyk 3.12.3 hieronder) besluit oor die aantal afgevaardigdes vanaf die Streeksinodes na die Algemene Sinode.

Besluit: Goedgekeur.

3.8.10 By die eerste vergadering van alle meerdere vergaderings word die aantal afgevaardigdes vir daardie meerdere vergadering vasgestel.

Besluit: Goedgekeur.

3.9 Classes will delegate 16 persons per Classis to Regional Synods.

Besluit: Kennis geneem. Hierdie saak word op dieselfde wyse gehanteer soos by 3.8.9 en 3.8.10.

3.10 The following time frame will be used DV as the target for implementing the new system:

3.10.1 The first new Classes gather in September 2007.

3.10.2 The first new Regional Synods gather in November 2008.

3.10.3 The first new General Synod gathers in January 2009.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig. (Wysigings hierbo aangebring.)

3.11 It will be wise for Synods gathering in the meantime to postpone decisions about crucial matters, that is matters which could lead to division and which are of importance for all the Reformed Churches in Southern Africa. These issues can then be resolved in the proposed new General Synods.

Besluit: Kennis geneem.

3.12 Die Deputate KO, 48 ontvang opdrag om bogenoemde soos volg te fasiliteer:

3.12.1 Met alle plaaslike kerke binne die GKSA en Middellande te korrespondeer met al die inligting en nodige Sinodebesluite van GKSA 2006, asook die voorgestelde moontlike indeling van kerke binne Klassisse.

3.12.2 Die onderskeie kerke moet met die aangewese Deputate vir Korrespondensie van hul onderskeie Partikuliere Sinodes kontak maak om hulle voorkeure en kommentaar tov die voorgestelde indeling deur te gee.

3.12.3 Die te benoeme Deputate en die aangewese Deputate vir Korrespondensie van al die Partikuliere Sinodes van die GKSA en Sinode Middellande vergader met die inligting soos van die onderskeie plaaslike kerke ontvang.

3.12.4 Hierdie vergadering stel ‘n finale konsep-indeling op en wys roepende Kerkrade binne elke Klassis aan wat binne ‘n bepaalde vasgestelde tyd opgeroep moet word.

Besluit: Goedgekeur.

Besluit oor die hele 3:

(a) 3 word as konsep goedgekeur.

(b) Probleme wat met die indeling mag bestaan, kan nadat die voorgestelde konstitueringswyse plaasgevind het, op mindere vergaderings afgehandel word (KO, art. 30).

(c) Deputate word aangewys om die proses van infasering in Klassisse te koördineer en te lei in samewerking met die Deputate Korrespondensie van die meerdere vergaderings en plaaslike kerke – ook wat die indeling van Klassisse betref.

Besluit: Goedgekeur.

19.3 RAPPORT DEPUTATE VIR REGSAANGELEENTHEDE (Art 64)

A. Prof A le R du Plooy stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 2003:454-458.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 Verskeie kerke en kerklike instansies waaronder plaaslike kerke, Deputategroepe, die Administratiewe Buro en die Kuratorium het die Deputate om regsadvies genader. Hieronder word die belangrikste sake aangedui waaroor advies of leiding gevra is, en waarmee die Deputate hulle ter uitvoering van hul opdragte besig gehou het. Die aard van die werksaamhede van die Deputate is soms sodanig dat advies telefonies en/of mondelings gegee moet word, insover dit moontlik is. Die Deputate het verskeie kere vergader om aan meer ingewikkelde of belangrike sake en versoeke aandag te gee.

2.2 Die saak in verband met br PJ van der Walt is in oorleg met die Bestuur van die Administratiewe Buro tot 'n skikking gebring, en volledige rapport daaroor asook die skikkingsakte word in die Rapport van die Bestuur van die Administratiewe Buro weergegee (vgl aangehegte Bylae vir afskrif van die notule ivm die skikkingsakte).

2.3 *Op 3 Februarie 2003 is aan die volgende sake aandag gegee*

2.3.1 Advies aan Deputate vir Diakonale Sake en die Administratiewe Buro insake die Glenzicht-projek;

2.3.2 PJ van der Walt-aangeleentheid;

2.3.3 Versoek van Konvent van Reformatoriese Kerke insake die regsposisie van 'n predikant in die lig van die Gereformeerde Kerkreg en die Arbeidswetgewing.

2.4 *Op 5 September 2003*

2.4.1 PJ van der Walt-aangeleentheid;

2.4.2 Vrystelling van Inkomstebelasting;

2.4.3 Versoek van Kuratorium i/s studente se gesondheidstoestand;

2.4.4 Skrywe van Gereformeerde Kerk Ventersdorp.

2.5 *Op 3 Maart 2004*

2.5.1 Belastingvrystelling vir kerke;

2.5.2 PJ van der Walt-aangeleentheid;

2.5.3 Skrywe van Reformed Church De Hoop in Vendaland.

2.6 *September – November 2004*

2.6.1 Verskeie vergaderinge in verband met die PJ van der Walt-aangeleentheid, meestal saam met die Bestuur van die Administratiewe Buro.

2.7 *Op 8 Junie 2005*

2.7.1 Adviesvraag van Deputate Liturgiese Sake;

2.7.2 Adviesvraag van Klassis Potchefstroom;

2.7.3 Advies insake Jouberton-gemeente;

2.7.4 Advies insake Reformed Church De Hoop en Klassis Capricorn.

2.8 *Op 7 September 2005*

2.8.1 Steeds insake die Reformed Church De Hoop;

2.8.2 Adviesvrae van die Administratiewe Buro insake registrasie van kerke as nie-winsgewende organisasies en vrystelling van belasting;

2.8.3 Advies insake enkele Reglemente.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Ten opsigte van die vraag na die moontlike effek en implikasie wat die Arbeidswetgewing (vgl Acta 2003:457, 3.2) op kerke en predikante se regsposisie mag hê, rapporteer die Deputate soos volg:

3.1.1 Ds Johannes Smit het onder leiding van prof A le R du Plooy 'n proefskrif oor die onderwerp geskryf wat kerke en predikante sou kon help om helderheid en insig oor die saak te verkry;

Besluit: Kennis geneem.

3.1.2 Die oortuiging van die Deputate is dat predikante nie in 'n arbeidsregtelike verhouding tot hul Kerk(rade) staan nie, en dat predikante derhalwe nie onderhewig aan die bepalinge van die Arbeidswetgewing is nie;

Besluit: Kennis geneem.

3.1.3 Kerke en predikante word geadviseer om noukeurig en nougeset ag te gee op die relevante artikels van die Kerkorde en tersaaklike ander dokumente waaronder veral die beroepsbrief, wat die verhouding tussen 'n plaaslike kerk en hul predikant reël en beskryf.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die Deputate waaronder veral die regsgeleerdes – wat die GKSA in moeilike sake waaroor hierbo gerapporteer is, van deeglike advies bedien het, en bygedra het dat die GKSA relatief 'n veel geringer finansiële skade gely het as wat andersins die geval sou kon wees. Die Bestuur van die Administratiewe Buro as regspersoon en die Deputate het uitstekend saamgewerk en onder leiding van ons regsgeleerdes op die Deputate is die regskoste besonder laag gehou. Volledig verslag hieroor is in die Rapport van die Bestuur van die Administratiewe Buro te sien.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 Die Sinode benoem weer Deputate vir Regsaangeleenthede met die opdrag om kerke, kerklike vergaderinge, Deputate, en instansies waaronder die Administratiewe Buro en die Kuratorium ens in dringende en noodsaaklike gevalle van regsadvies te bedien, en/of te help om regsadvies te verkry.

Besluit: Goedgekeur.

19.4 BESWAARSKRIF MJ KRUGER TEEN 'N BESLUIT VAN DIE NASIONALE SINODE 1973 OOR TOELATING TOT DIE DIENS VAN DIE WOORD NA AFSETTING (ART 121 – 3.2.2.3) (Artt 11, 62, 245)

A. Br MJ Kruger stel die Beswaarskrif.
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na die Kommissie Kerksake: Histories en Kerkregtelik.
C. Ds JJ de Kock rapporteer namens die Kommissie Kerksake: Histories en Kerkregtelik.
D. Geleentheid word gegee vir vrae en bespreking.
E. Geleentheid word gegee vir die beswaarde en toeligter om repliek te lewer.

F. BESWAARSKRIF

1. KO, art 46

Daar het wel al voorheen 'n Beswaarskrif gedien oor hierdie besluit, **maar** wel ten opsigte van 3.2.2.4: Invoeging van art 79. Hierdie beswaar gaan oor 3.2.2.3 prosedures.

2. Besluit

Die besluit waarteen beswaar aangeteken word, is vervat in Bylae 1 Acta 1973:316-318.

Die spesifieke besluit waarteen beswaar aangeteken word, is vervat in 3.2.2.3 op bl. 318 en spesifiek "… dat hy by die Kerk en Klassis waar hy uit die amp is, aansoek doen vir 'n **aanbeveling**."

3. Agtergrond

Die hertoelating tot die Diens van die Woord is 'n baie sensitiewe aangeleentheid wat dikwels tot diskussie en Appèlle gelei het.

Een van die redes hiervoor is dat Partikuliere Sinodes die 1973 besluit verskillend toepas. Die probleem was ook die onderwerp van verdere studie – **Bylae B**: *Meestergraad verhandeling, Ds RM van der Merwe, PU vir CHO, 1997.*

4. Grond vir beswaar

Die grond vir beswaar is dat die prosedure besluit 3.2.2.3 "… dat hy by die Kerk en Klassis waar hy uit die amp is, aansoek doen vir 'n **aanbeveling** …" te vaag en verwarrend is en daarom lei tot ongeregtigheid.

5. Beredenering

5.1 Vaag en verwarrend. Die vraagstuk rondom die aanbeveling is:
  (a) waaroor handel die aanbeveling en
  (b) kan die aanbeveling ook negatief wees? (tov 'n aansoek).

5.2 Die 1973 Sinodebesluit spruit voort uit 'n Deputateverslag van 1970 Sinode Acta:431.

5.3 Die probleem was dat 'n persoon wat onder KO, artt 12 of 79 uit die amp is, die oordeel en tug van daardie kerk kon ontduik.

5.4 Daarom moet hy teruggaan na die Kerk (eerste kerk) en Klassis waar hy uit die amp is, sodat hulle kan bevestig dat alle tugsake afgehandel is.

5.5 Maar nie om aan te beveel oor sy huidige lewenswandel nie, aangesien so ‘n persoon dikwels lank reeds weg is van daardie kerk.
5.6 Daarom moet sy huidige kerk ‘n “**oordeel en** aanbeveling” gee terwyl die vorige kerk net ‘n aanbeveling gee.
5.7 Die Partikuliere Sinode van die kerk waar hy uit die amp is hanteer die aansoek, en die eerste kerk kan daar sy mening lug.
5.8 Indien die eerste kerk ook nog ‘n aanbeveling tov sy toelating moet maak, word die taak van die Partikuliere Sinode om te oordeel, aan die eerste kerk per implikasie gegee.
5.9 Ten opsigte van (a) is die vraag dus:
(i) is die aanbeveling oor die ontduikte oordeel of
(ii) is dit ook oor sy nuwe aansoek op die meriete?
5.10 Soos bo verduidelik dui alles daarop dat dit net tov (i) die ontduikte oordeel is.
5.11 Ten opsigte van (b):
(i) Indien wel bevind word dat (ii) ook geld, dit tov sy aansoek op die meriete, is die vraag of die aanbeveling ook negatief kan wees.
5.12 Daar bestaan inderdaad so iets soos ‘n “negatiewe aanbeveling” bv “Die Kommissie beveel aan dat daar **nie** ‘n kerksaal gebou word nie.”
5.13 Die rede hoekom dit nodig is dat ‘n “negatiewe aanbeveling” gemaak kan word, is dat die eerste kerk bv deur subjektitwiteit bevooroordeel kan wees. Indien slegs ‘n positiewe aanbeveling sou geld, sou dit in die praktyk beteken dat daardie eerste kerk ‘n aansoek tot hertoelating kan blokkeer.
5.14 Dit het dan die praktiese effek dat die eerste kerk die beoordelingsgesag word en **nié** die Partikuliere Sinode nie, soos beoog word deur die 1973 Sinodebesluit nie.
5.15 Indien daar dan wel ten opsigte van die meriete van die saak aanbeveel kan word, blyk dit dat die aanbeveling ook negatief kan wees, wat dan deur die Partikuliere Sinode beoordeel word.

6. Ongeregtigheid

6.1 Indien ‘n besluit vaag en verwarrend is en vatbaar is vir meer as een uitleg, kan dit beteken dat verskillende Partikuliere Sinodes die besluit verskillend kan toepas.
6.2 By een Partikuliere Sinode kan ‘n aansoek dus slaag, en by ander nie.
6.3 Dit is inherent onregverdig en ‘n ongeregtigheid. Skriftuurlik moet ongeregtighede nie toegelaat word nie, bv:
- 2 Timoteus 2:19
- Titus 2:14
- Hebreërs 1:9
- 1 Johannes 1:9, ens.

7. Samevatting

Om te verseker dat aansoeke om hertoelating konsekwent en regverdig geskied, is dit noodsaaklik dat die betekeniswaarde van die **aanbeveling** deur die eerste kerk duidelik gedefinieer moet word.

Aangesien die aanbeveling vatbaar is vir verskeie interpretasies is die besluit vaag en verwarrend. Daarom behoort hierdie Beswaarskrif te slaag.

8. Versoek

8.1 Indien die Beswaarskrif slaag tov 5.1 (a) is die voorstel dat die besluit soos volg verander word: "…dat hy by die Kerk en Klassis waar hy uit die amp is, aansoek doen vir 'n aanbeveling slegs tov die vraag of alle tugsake afgehandel is, waarna..."

8.2 Indien die beswaar misluk tov 5.1 (a), maar slaag tov 5.1 (b), is die voorstel dat die besluit soos volg verander word: "...aansoek doen vir 'n aanbeveling, welke aanbeveling positief of negatief kan wees, waarna…"

8.3 Indien die beswaar in die geheel nie slaag nie, word die Sinode versoek om Studiedeputate aan te wys om die hele saak rondom hertoelating tot die amp te ondersoek inaggenome *Ds RM van der Merwe se studiestuk* (Bylae B).

G. KOMMISSIERAPPORT

1. Beswaargrond

Die grond vir beswaar is dat die prosedure besluit 3.2.2.3 (Acta 1973) "… dat hy by die Kerk en Klassis waar hy uit die amp is, aansoek doen vir 'n **aanbeveling** ..." te vaag en verwarrend is en daarom lei tot ongeregtigheid.

Besluit: Kennis geneem.

2. Beredenering van beswaargrond

2.1 Die beswaargrond word onder andere deur die beswaarde as volg beredeneer:
"Die vraagstuk rondom die aanbeveling is:
(a) waaroor handel die aanbeveling en
(b) kan die aanbeveling ook negatief wees? (tov 'n aansoek).
Ten opsigte van (a) is die vraag dus:
(i) is die aanbeveling tov die ontduikte* oordeel of
(ii) (ii) is dit ook tov sy nuwe aansoek op die meriete?
Ten opsigte van (b):
(i) Indien wel bevind word dat (ii) ook geld, dit tov sy aansoek op die meriete, is die vraag of die aanbeveling ook negatief kan wees."
(ii) *Met "ontduikte oordeel" bedoel die beswaarde: "Die probleem was dat 'n persoon wat onder KO, artt 12 of 79 uit die amp is, die oordeel en tug van daardie kerk kon ontduik."

Besluit: Kennis geneem.

3. Bevinding

Die Kommissie bevind dat die woord "aanbeveling" (Acta 1973:318, 3.2.2.3) inderdaad vaag en verwarrend kan wees. Uit materiaal wat voor die Kommissie gedien het is onder andere aangetoon dat hierdie woord verskillend vertolk kan word

Besluit: Kennis geneem.

4. Aanbeveling

4.1 Die beswaar slaag.

Besluit: Goedgekeur.

4.2 Die Sinode wys Studiedeputate aan om hierdie onduidelikheid op te klaar – onder meer oor die draagwydte begrip "aanbeveling" – en om die volgende Sinode hieroor te adviseer.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig. (Wysigings hierbo aangebring.)

19.5 BESKRYWINGSPUNT MJ KRUGER: VERSOEK TOT ONDERSOEK OOR SINODEBESLUIT 2003, ART 12.2.3 (HERTOELATING BR ASM VAN JAARSVELD TOT BEDIENINIG) (Art 125)

A. Ds PW Kurpershoek rapporteer namens die Pre-Advies Kommissie insake Appèlle en Beswaarskrifte.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word nie ontvanklik verklaar nie. (Derhalwe word die Beskrywingspunt nie gepubliseer nie – *Deputate Handelinge*.)

19.6 DEPUTATE SYNODUS CONTRACTA: RAPPORT OOR GEREFORMEERDE KERKE ORANIA / KIMBERLEY (Artt 67, 244)

A. Ds GNV Botha stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Kerksake: Histories en Kerkregtelik.
C. Dr JH Howell rapporteer namens die Kommissie Kerksake: Histories en Kerkregtelik.

D. RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

1.1 **Opdrag: Acta 2003:101 art 12.2.7 by 2.2**.

"2.2.4 Dat voordat bogenoemde Synodus Contracta plaasvind (vgl 2.2.2) 'n vergadering van die betrokkenes wat direk by die sake belang het, moet plaasvind. Hierdie betrokkenes is die Kerkraad van Kimberley, lidmate op Orania van die Gereformeerde Kerke Kimberley en Orania en Klassisse Griekwaland-Wes, Krokodilrivier en Brits-Wes.

2.2.5 Dat hierdie Sinode die volgende persone as Adviseurs sal aanwys, wat 'n fasiliteringsrol speel en leiding gee ten einde mee te help om 'n oplossing vir probleme te verkry en die partye tot versoening te lei, naamlik ds PJ van der Walt (Bethlehem), ds GNV Botha, prof A le R du Plooy en dr DG Breed."

Besluit: Kennis geneem.

1.2 **Pogings ter versoening**

1.2.1 Die Deputate het op 24 en 25 April 2003 te River Lodge buite Potchefstroom saam met verteenwoordigers van die Gereformeerde Kerke Orania, Kimberley en Brits-Wes en van Klassis Griekwaland-Wes, Klassis Krokodilrivier en Part Sinode Noordwes vergader. Met groot dankbaarheid teenoor die Here wat die byeenkoms ryklik geseën het, is 'n gesamentlike ooreenkoms opgestel waarin getuig is van die versoening wat bereik is. Hierdie ooreenkoms moes saam met die Notule deur die onderskeie vergaderings wat verteenwoordig was, oorweeg word.

1.2.2 Die Deputate het onderneem om die ooreenkoms aan die kerke in kerkverband deur te gee en om 'n kort verklaring in *Die Kerkblad* te laat publiseer en ook aan *Die Kerkpad* beskikbaar te stel.

1.2.3 Op 31 Julie 2003 het die Deputate saam met verteenwoordigers van die Gereformeerde Kerke Orania en Kimberley te Kimberley vergader aangesien daar verskil van mening was oor die Notule en die bewoording van die River Lodge-ooreenkoms. Wysigings is eenparig aanvaar vir voorlegging aan die ander vergaderings wat te River Lodge verteenwoordig was.

1.2.4 Voordat die dokumente uitgestuur kon word, was dit nodig dat die Skriba van die Deputate weer 'n besoek aan Orania bring en gesprekke met die lidmate dáár van die Gereformeerde Kerke Kimberley en Orania voer. Daarna was ook verdere telefoniese gesprekke en persoonlike besoeke nodig.

1.2.5 Bogenoemde proses en ook ander faktore van meer persoonlike en tegnologiese aard het vertragings meegebring waarvoor ook die Deputate en die Rapporteur by name, verskoning aangebied het. Die gewysigde dokumente kon dus nie betyds voor die kerklike vergaderings dien en in 2004 afgehandel word nie.

1.2.6 Die gewysigde River Lodge-ooreenkoms en -notule is intussen wel reeds aanvaar deur die kerke van Orania en Kimberley en Klassis Griekwaland-Wes. Klassis Krokodilrivier het in lyn met die versoening adviseer dat die kerk van Orania deel word van Klassis Griekwaland-Wes en dit het reeds so gebeur. Die dokumente moet egter nog dien voor Part Sinode Noordwes DV November 2005.

1.2.7 Die inhoud van die versoening wat bereik is asook die publikasie van die ooreenkoms en die uitreik van die verklaring, sal eers kan geskied nadat ook Part Sinode Noordwes 2005 daaroor besluit het.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode moet besluit

2.1 Die Sinode neem dankbaar kennis van die mate van versoening wat wel reeds bereik is.

2.2 Die Sinode keur goed dat eers in ‘n Aanvullende Rapport na afloop van Part Sinode Noordwes DV November 2005 volledig gerapporteer sal kan word oor die inhoudelike van die ooreenkoms.

Besluit: Goedgekeur.

E. AANVULLENDE RAPPORT

1. Vir kennisname aan die Sinode

1.1 Opdrag: Aanvullend by Rapport Deputate oor Orania-Kimberley, Sinode 2006, Agenda 19.1, p.513.

1.2 Partikuliere Sinode Noordwes, 22 November 2005, het met dankbaarheid kennis geneem dat versoening bereik is , en het besluit dat in ooreenstemming daarmee die besluit waarteen die oorspronklike Appèl ingedien is, herroep word.

1.3 Al die betrokke vergaderings het dus nou ingestem met die versoenings-ooreenkomste (as Bylae 1 en Bylae 2 hierby aangeheg, en die Notule van die versoeningsgesprek as Bylae 3).

Besluit: Kennis geneem.

2. Vir besluitneming deur die Sinode

Aanbevelings

2.1 Die Sinode aanvaar die Rapport en Aanvullende Rapport, en dat daarmee die opdrag aan die Deputate uitgevoer is.

2.2 Die Sinode dank ootmoedig die Here wat deur sy Woord en Gees versoening bewerk het.

2.3 Die Deputate het die versoening volgens opdrag (Acta 2003:101, art 12.2.7 by 2.2) gefasiliteer. In die gesprek tussen die onderskeie partye is ‘n Rapport aanvaar wat as ‘n Bylae hierby ingesluit is. Hierdie Rapport word in die Handelinge van 2006 gepubliseer en dien as ‘n verklaring om die kerke in te lig oor die afhandeling van die saak.

Besluit: Met dank goedgekeur soos gewysig by 2.3. (Wysigings hierbo aangebring.)

F. BYLAE

VERSOENINGSOOREENKOMS
OOREENKOMS ONDER LEIDING VAN DIE DEPUTATE VAN KLASSISSE GRIEKWALAND-WES EN KROKODILRIVIER EN VAN DIE KERKRADE VAN GEREFORMEERDE KERKE BRITS-WES, ORANIA EN KIMBERLEY, GEFASILITEER DEUR DIE DEPUTATE VAN DIE NASIONALE SINODE 2003

Na indringende samesprekings, in biddende opsien tot die Here, het die bogenoemde betrokkenes soos aangewys deur Nasionale Sinode 2003 eenparig die volgende Rapport aanvaar:

1. Die betrokkenes het deurgaans tydens die gesprek mekaar se goeie trou om tot oplossing van die probleme te kom, aanvaar. Daar was voldoende geleentheid vir openlike gesprek en beraadslaging.
2. Waar daar foute begaan is in die optrede teenoor mekaar as individue, gemeentes en meerdere vergaderings, is vergifnis in Christus van mekaar gevra, en het die verteenwoordigers mekaar ook van vergifnis verseker, soos die Here dit in sy Woord van ons vra: “Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander ‘n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen. Beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is. En laat die vrede van God waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar”(Kol 3:12–15).
3. Ons bely dat deur sondige optredes en besluite die eenheid van die kerk in gedrang gebring is, en die eer van Christus so geskend is.
4. Die feit dat ‘n groep buite kerkverband gestel is en ‘n kerk as valse kerk beskuldig is, word betreur en onvoorwaardelik teruggetrek.
5. Aan Klassis Griekwaland-Wes en Partikuliere Sinode Noordwes word deur die Deputate kennis gee van die versoening wat bereik is, en dat dit op die weg van die twee meerdere vergaderings lê om besluite wat strydig met die versoening is, na te gaan. Wanneer dit gebeur het, sal dit dan ook moontlik wees vir die appellante, met die ondersteuning van die verteenwoordigers van Orania, om die terugtrekking van die Appèl na die Nasionale Sinode te oorweeg, en die Roepende Kerkraad wat daarvoor aangewys is, daarvan in kennis te stel.
6. Die herstel van verhoudinge sal geskied sonder gewetensdwang, en ons gun mekaar gewetensvryheid. Die inskakeling van die Gereformeerde Kerk Orania by ‘n Klassis in hulle omgewing sal mettertyd geskied (vgl Besluit Klassis Krokodilrivier 17 Sept 2002, Art 15).
   Die kerke besef dat ter wille van ware versoening die lidmate van albei gemeentes wat te Orania woon mekaar moet help om verhoudinge te herstel en met woord en daad hulle eenheid teenoor mekaar moet bewys.
   Daarom is dit belangrik dat daar openhartige gesprekke as lede van die liggaam van Christus sal wees.
7. Al die betrokkenes is dankbaar en bly in die Here dat die saak op hierdie wyse afgehandel kon word in ooreenstemming met Fil 2:2-5: “Maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin. Moenie iets doen uit selfsug of ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s’n. Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.”